Tema: Christus laat jou groei as lidmaat van sy kerk.

Vooraf sang
Lied 207:2,3
Lied 530: 1,2,3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 14 - 1: 3;
Votum
Groetseën
Loflied: Ps 48 - 1: 1,4
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Efesiërs 4: 7 - 16 (1933/53 vertaling)
Teks: Efesiërs 4: 15 en 16
Belydenis: Sondag 21, vraag 55
Sing: Sb 14 - 3: 3
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir BnB
Sing Sb 20 - 2: 1,6 (Mel ps 134-1)
Sing terwyl gemeente geseën word: Sb 20 - 2: 7.

Geliefde brs en srs

Ons het die kerk nodig om in die geloof te kan groei. Iemand wat beweer dat hy/sy nie kerk nodig het nie is of arrogant of onkundig met betrekking tot dit wat God in sy Woord oor die kerk openbaar.

Ons het vanoggend gehoor dat ons slegs kan groei in geloof wanneer ons in Christus bly en ons persoonlike verhouding met Hom koester. Vanaand kyk ons uit ŉ ander hoek na die tema van geloofsgroei wanneer die Here vir ons sê:
Christus laat jou groei as lidmaat van sy kerk.

Br. en sr., God wil my tot volle geestelike volwassenheid bring en daarvoor gebruik Hy die kerk. As Christus die druiwestok is en ons die lote is dit tog duidelik dat die lote ook iets ontvang – **ons ontvang van Christus die geestelike gawes om te groei**. Dit is sy belofte vanaand ook aan jou: dat Hy jou geestelik wil laat groei en daarvoor gebruik Hy sy kerk.

Kom ons kyk hoe Christus jou deur die kerk laat groei.

1.Christus laat jou groei in liefde en waarheid

Paulus sê: Christus is die hoof en uit Hom groei die hele liggaam. Paulus noem in vers 15 veral twee gawes wat Christus gebruik om ons te laat groei. **Die waarheid en liefde is as't ware twee groeistimulante wat die Here gebruik.**

Sonder die waarheid van God se Woord kan ons nie geestelik groei nie. Die Woord is seker die belangrikste gawe wat Christus aan ons gegee het. Want deur die hoor van die Woord word ons geloof geskep en groei dit. Paulus stel dit so in **hf. 1 vers 13 en 14:**
" 13Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God **toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het.** "

Hier in die kerk laat die Here sy Woord verkondig en dit laat jou groei in geloof. In hf. 4 : 13 – 14 sê hy dat die verkondiging van die Woord ons ook die kennis gee om dwalinge te ken en te weerstaan en ons tot volle insig te laat kom.

Br en sr., u kan nou sê: maar dit kan ek ook op my eie verkry. Ek kan mos self die Bybel lees en die nodig kennis kry. Ons leef mos in die moderne eeu van baie kennis – ek kan dit self kry. Maar geliefdes, die verskil is dit: verse 11 en 12 sê: **hier in die kerk het Christus juis mense met gawes gegee om die Woord te bring**. In 1 Kor. 12 word baie sterk geklem gelê op die feit dat gelowiges mekaar tot hulp moet wees met verskillende gawes sodat hulle die waarheid van God se Woord kan verkondig. Saam met ander gelowiges moet ek die Bybel ondersoek, biddend bestudeer en die waarheid leer ken. Tussen ander gelowiges kan ek die waarheid toepas en uitleef en so laat Christus my geloof groei tot volwassenheid.

Die ander groot gawe wat Christus vir ons gee in die kerk is die leiding deur die Heilige Gees. Ons lees weer Ef. **1 verse 14:**
"In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. 14Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos

Die Heilige Gees werk juis ook kragtig hier waar die gelowiges bymekaar kom om my te laat groei. **Hier sien ek die gawe van liefde wat die Gees aan ander gee en hoe dit my tot voordeel strek.** Br en sr, liefde kan nie in isolasie gesien of ervaar word nie. Ek kan nie die liefde van God ken as ek dit nie sien en ervaar in die wyse waarop ander gelowiges dit aan my gee nie. Juis deur sy liefde in die kerk te bewys en prakties te demonstreer, leer ek wat liefde is en kan ek dit ook uitlewe

Geliefdes, Christus wil jou deur die kerk laat groei in jou geloof! Dit is sy manier van doen. Dit is keuse en sy instelling! Kom ons leef dan as lewende en aktiewe ledemate van Christus. **Swak kerkbywoning of later geen kerkbywoning is een van die eerste en sekerste tekens dat iemand in sy/haar geloof stagneer en agteruitgaan**. Ons sien dit so baie in die praktyk: as mense wegraak van die eredienste , weet maar daar is een of ander probleem of sonde waarin hulle vasgevang geraak het.
Mag dit nie van ons waar wees nie – laat ons meer en meer na Christus toe kom, sodat Hy ons kan laat groei.

2. Maar br. en sr, ons groei in die tweede plek ook deur ons eie gawes aan te wend. Ons teksverse maak dit baie duidelik. Deur die samewerking van elke lid en die ondersteuning wat elke lid gee laat Christus die liggaam groei. **Met ander woorde – hoe meer ek betrokke is, hoe meer ek dien – hoe meer gaan ek groei.** Daar is hierdie wonderlike wisselwerking tussen my betrokkenheid en my groei.

Iemand wat net hier wil wees om te ontvang, gaan juis nie groei ervaar nie en gaan gefrustreerd voel met die kerk. Dit is die ironie van soveel lidmate wat klagtes oor die gemeente het. As jy hulle vra waar hulle betrokke is, dan het hulle nie ’n antwoord nie – terwyl die Here sê: hoe meer jy gee, hoe meer gaan jy ontvang. **Hoe harder jy werk – hoe sterker gaan jou geestelike vermoëns word**. Meer dienswerk bring geestelike groei en krag.

Geliefdes, kom ons raak betrokke, kom ons dien en gebruik ons gawes, want so wil God hê dat ons geestelik sal groei en sterker word. Die liggaammodel word juis onder andere gebaseer op ons tekshoofstuk: Hier is ruim geleentheid in die gemeentelike lewe om te dien en betrokke te raak – Doen dit want dan word kerkwees vir jou betekenisvol. Waar ek ’n bydra kan maak, bring dit ook vir my betekenis.

Onthou ook: geloofstoewyding en geloofsdade in die kerk wat op hierdie wyse uitgeleef word, **is ’n kenmerk van ’n ware gelowige**: In Joh. 13: 35 sê die Here Jesus: As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”
Hoe meer diensbaar jy is, hoe duideliker sal die vir almal word – dat jy ’n ware dissipel van die Here is.

In die derde plek geliefdes, groei ons deur ander lidmate se ondersteuning en gawes.
Hier wil ons fokus net op een voordeel – van baie - wat ander gelowiges vir my in die kerk van die Here kan beteken: **Ons lees in Hebreërs 3: 13**
“[13]Maar solank daar nog ’n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.
en in **Heb. 10: 24 staan daar:**

[24]Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. [25]Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

Die voordeel wat Christus vir my in die kerk gee is dat ander my help met my sonde. Volgens Galasiërs 6: 2 Dra ons mekaar se sondelaste.

Ons kan mekaar aanmoedig en vermaan. Mekaar oppas en mekaar gaan haal.

Br en sr., daar is sovele lidmate in hierdie gemeente wat weggedwaal het en los geraak het. Dit is ons taak en verantwoordelik om hulle te gaan haal en terug te bring waar Christus hulle wil laat groei. Deur ons ondersteuning, ons bemoeienis wil Christus hulle terugbring na die kerk sodat Hy hier sy beloftes aan hulle kan vervul.

Br. en sr, ja, daar is vir jou voordeel in die kerk. **Die Here het jou geskep om hier te wees sodat Hy jou hier geestelik kan versorg** – jy kan nie sonder die kerk groei nie.
Die Boer snoei ons en werk met ons. Hy voed met Christus – die Woord wat vlees geword en onder ons kom woon het. Hier gee Hy ons sy Gees wat gawes aan ons gegee het waardeer ons kan groei. Hier kry ek die wonderlike voorreg van ander wat my met hulle gawes bedien.

Dit is God se versorgingsplan vir jou: So wil Hy jou laat groei – sy doel is dat jy eendag net so volmaak so Christus moet wees.

Mag ons hierdie genade aangryp met alles wat ons is en het, laat ons die gemeenskap met Christus soek in sy kerk, laat ons dien en laat ander jou bedien – so sal God jou laat groei totdat jy ook eendag volkome soos Christus is.

Amen